# AFRIKAANSE GEMEENTES

# BAANBREKER- EN VORRSLAGGIELEIERS VERGADERING

## Notule van vergadering

## gehou op 2 November 2014

## om 10:00 te Sedaven.

**TEENWOORDIG:**

| | |
|---|---|
| 1. Lr Eddie Baron | Noordelike Konferensie (Voorsitter) |
| 2. Br Carel le Roux | Panorama (Sekretaris) |
| 3. Sr Elouie Badenhorst | Eloffsdal |
| 4. Sr Michelle Garrido | Noordelike Konferensie |
| 5. Br Johann Havenga | Panorama |
| 6. Sr Minnie Pretorius | Magaliessig |
| 7. Sr Ulandi Pretorius | Magaliessig |
| 8. Br Henry Rothmann | Rynfield |
| 9. Br Ben van der Westhuizen | Rynfield |
| 10. Br Wynand van Wyk | Vereeniging |
| 11. Br Stefan Wille | Filadelfia |

**1. GODSDIENS**

Lr Eddie Baron het die vergadering geopen met 'n boodskap uit die Skrif waarna Br Ben van der Westhuizen gebid het.

**2. VERWELKOMING**

Lr Eddie Baron het almal teenwoordig by die vergadering verwelkom.

**3. APOLOGIE**

Sr Marthie van der Walt (Warmbad) en Sr Renet Els (Pietersburg Stad) se verskonings is aangeteken.

**4. SEKRETARIS(ESSE)**

Br Carel le Roux is aangewys as die sekretaris vir hierdie vergadering.

## 5. JAARPROGRAM

Lr Eddie Baron het die huidige jaarprogram vir 2015 uitgedeel.

## 6. KLASWERK

Lr Eddie Baron het die vergadering ingelig dat die SID tans besig is om 'n nuwe Baanbreker kurrikulum te ontwerp, maar dat daar nog geen aanduiding is van wanneer dit geloods sal word nie. Die vergadering het kommer uitgespreek dat die huidige Baanbreker kurrikulum nie meer die hedendaagse kind stimuleer nie.

Br Carel le Roux het 'n aanbieding gedoen oor die nuwe "Investiture Achievement" kurrikulum van die Noord-Amerikaanse Divisie wat in Afrikaans vertaal word.

**AKSIE 1:** Aanvaar om die "Investiture Achievement" Kurrikulum van die NAD as die nuwe Afrikaanse Baanbreker kurrikulum vir die Noordelike Konferensie aan te neem.

Die vergadering het aangedui dat daar 'n groot aanvraag is vir die Lammertjie kurrikulum wat die 4 tot 5 jaar ouderdomsgroep bedien en versoek dat die Konferensie dit beskikbaar stel. Leraar Eddie Baron sal die moontlikheid ondersoek.

**AKSIE 2:** Aanvaar dat Lr Eddie Baron die moontlikheid sal ondersoek en die Konferensie sal nader om die Lammertjie Kurrikulum beskikbaar te stel

## 7. LEIERSKAPSOPLEIDING:

Lr Eddie Baron het genoem dat die Leierskapsprogram huidiglik hoofsaaklik deur die individuele gemeentes beheer word en dat daar nie meer aan al die voorgeskrewe riglyne en staandaarde voldoen word nie. Onder leiding van die Divisie is daar versoek dat die Leierskapsprogram deur die Konferensie Direkteur gemonitor moet word. Die konferensie sal geen Hoofrigter speldjies verkoop sonder die toestemming van die Konferensie Baanbreker-direkteur nie.

**AKSIE 3:** Aanvaar dat elke gemeente 'n koördineerder moet aanstel om te verseker dat elke Hoofrigter-Kandidaat 'n leër het waarin die vordering aangeteken kan word, soos versoek deur Lr Eddie Baron, en dat met voltooing van die kursus hierdie leër aan die Konferensie Baanbreker-direkteur gestuur moet word vir goedkeuring alvorens die kandidaat as Hoofrigter bekleë kan word.

Lr Eddie Baron het die vergadering ingelig dat die Wêreldkonferensie in 2013 'n nuwe Hoofrigter kurrikulum geloods het. Hy het die vereistes met die vergadering bespreek en die volgende belangrike punte uitgewys:

- Hoofrigter-kandidate moet reeds doopkandidate wees (in 'n doopklas voorberei word) met die aanvang van die program en ten minste 'n 16-jarige gedoopte lid van die kerk wees met die voltooiing daarvan.
- Hoofrigter-kandidate moet aktief by Baanbreker- Voorslaggie, of ander kinderbedieninge betrokke wees om te kwalifiseer.
- Die eksamens moet steeds geskryf word maar die Konferensie sal die vraestelle moet aanpas om by die nuwe kurrikulum in te skakel.
- Die Noordelike Konferensie sal die noodhulp-kursusse koördineer.
- 'n BLT-kandidaat (Baanbreker Leierskapstoekenning) kan deur die gemeente goedgekeur word maar 'n GBLT-kandidaat (Gevorderde Baanbreker Leierskapstoekenning) moet deur die Konferensie Baanbreker-direkteur goedgekeur word.

**AKSIE 4:** Aanvaar die besluit dat die dril en marsjeer vereiste nie met 'n alternatiewe vereiste vervang sal word nie, en dat die gemeentes wat dit met sukses doen die ander gemeentes sal help.

## 8. KLEREDRAG

Sr Michelle Garrido het 'n aanbieding gedoen oor die huidige uniforms en die volgende belangrike punte uitgewys:

- Baanbreker en Voorslaggie uniforms mag nie gemeng word nie. Baanbreker honneurs en kentekens mag nie op Voorslaggie uniforms gedra word nie en andersom.
- 'n Hoofrigter wat nie die ses Baanbreker-klasse voltooi het nie moet die Hoofrigter-stêr op die linkermou en die nekdoek sonder die klasstrepe dra. Hulle mag nie die kombinasie-moustreep-kenteken of die nekdoek met klasstrepe dra nie.

**AKSIE 5:** Aanvaar om die huidige groen broek/romp van die Baanbreker en Baanbreker-Hoofrigter uniform te vervang met 'n swart broek/romp, en dat die res van die Baanbrekeruniform asook die volledige Voorslaggie uniform onveranderd sal bly.

## 9. WEBWERF

Br Carel le Roux het 'n aanbieding gedoen oor 'n nuwe Afrikaanse Baanbreker- en Voorslaggie-webwerf (www.baanbrekers.co.za) wat hy en Br Johann Havenga ontwerp waarin die hulpbronne en inligting in Afrikaans beskikbaar gestel word.

Lr Eddie Baron het genoem dat die Noordelike Konferensie hierdie webwerf endosseer en alle inhoud wat daarop geplaas word kontroleer.

**AKSIE 6:** Aanvaar die nuwe Afrikaanse Baanbreker-en Voorslaggie webwerf, ontwerp deur Br Carel le Roux en Br Johann Havenga, en dat Lr Eddie Baron die webwerf na NCSA ADCOM sal verwys vir goedkeuring.

## 10. FEDERASIE

**AKSIE 7:** Aanvaar om 'n Federasie tot stand te bring wat die Afrikaanse Baanbreker- en Voorslaggieklubs van die Noordelike Konferensie sal verteenwoordig.

**AKSIE 8:** Aanvaar dat hierdie Federasie voortaan bekend sal staan as die "Afrikaanse Baanbreker en Voorslaggie Federasie"

**AKSIE 9:** Aanvaar, soos verkies, die volgende ampsdraers vir 2015:

Voorsitter - Br Ben van der Westhuizen
Sekretaris - Br Johann Havenga
Tesourier - Br Carel le Roux

## 11. MOSIE OM TE VERDAAG

Die vergadering het 'n mosie aanvaar om te verdaag.

## 12. GEBED

Br Stefan Wille het die vergadering met gebed afgesluit.

16 November 2014

Voorsitter
Lr E. Baron

Datum

Sekretaris
C. le Roux